

#VangGraad

B's & V's

Bepalings en voorwaardes:

1. Alle bepalings en voorwaardes geld soos deur [Solidariteit](#), [Solidariteit Jeug](#) en [Akademia](#) bepaal.
2. Die kompetisie is geldig vanaf 00:00 op 15 September 2020 tot om 23:59 op 2 Oktober 2020.
3. Die beurs is slegs geldig vir die volgende kursusse op die nauurse onderrigmodel: <https://akademia.ac.za/index.php/onderrigleermodele/>
 - a. BCom (Bestuursrekeningkunde)
 - b. Baccalaureus Legum (LLB)
4. Die besluite van die paneel is finaal.
5. Die deelnemers gee toestemming dat hul video's op al Solidariteit se sosialemediaplatforms gedeel en gebruik mag word vir bemerkingsdoeleindes.
6. Solidariteit bied drie studiebeurse by Akademia aan vir vakkondlede en hul *afhanklikes.
 - a. *Definisie van afhanklike: Dit is 'n volopbetaalde lid se kind of aangenome kind wat aan die begin van die akademiese jaar onder die ouderdom van 21 jaar is. 'n Afhanklike sluit nie 'n lid se gade in nie.
7. Die deelnemer kan ook 'n lid van JeugPro wees.
8. Die reëls en inligting op hierdie kompetisieblad vorm deel van die bepalings en voorwaardes vir deelname en inskrywing.
9. Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalings, reëls en voorwaardes.
10. Geen persoon wat by Solidariteit of enige van sy instellings werksaam is, sal toegelaat word om aan die kompetisie deel te neem nie.
11. Solidariteit behou die reg voor om 'n onderhoud met die wenners te voer, foto's te neem en dit te publiseer.

12. Die prysweners sal in die *Soldeer*, op Solidariteit se Facebook-blad en op www.solidariteit.co.za aangekondig en gepubliseer word.
13. Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Solidariteit gekontak te word.
14. Pryse is nie oordraagbaar nie en kan nie vir kontant omgeruil word nie.
15. Die kompetisie geld net vir inskrywings vir studie in 2021.
16. Alle deelnemers vrywaar die Solidariteit Beweging van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie.
17. Slegs een inskrywing per lid sal aanvaar word.
18. Om vir die beurs in aanmerking te kom, moet die deelnemer se Solidariteit-ledegeld op datum wees ten tyde van die kompetisie.
19. Beursweners, of hul ouers waar beursweners jonger as 21 is, moet vir die volle duur van hul studie lede van Solidariteit bly. Indien lidmaatskap gestaak word voordat die studie afgehandel is, sal alle koste wat vir die kwalifikasie aangegaan is van die student verhaalbaar wees.
20. Indien Solidariteit nie daarin slaag om 'n beurswenner binne twee werksdae na die besluitneming per e-pos of telefonies te kontak nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
21. Beursweners sal op 30 Oktober 2020 aangewys word.
22. Solidariteit en sy vennote is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van versending is nie bewys van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy of haar inskrywing bevestig.
23. Die beurs dek alle klasse aangebied deur Akademia ter voltooiing van studie; as 'n module gedruip word, is die beurswenner verantwoordelik vir die koste om die spesifieke module te herhaal. As die beurswenner 'n jaar druipt, verval die beurs en is die beursnemer verantwoordelik vir die terugbetaling van die studiebeurs se uitstaande bedrag vir die spesifieke jaar wat gedruip is.
24. Handboeke is nie ingesluit by die beurs nie.

25. 'n Geskenkbewys vir 'n tabletrekenaar waarmee toegang tot die e-studente-ondersteuningstelsel verkry kan word, die aanlyn biblioteek en al die toetse, werksopdragte, asook ondersteunende studiemateriaal is ingesluit. 'n Beurswenner ontvang een tabletrekenaar per kwalifikasie waarvoor ingeskryf word. Sou die beurswenner sy of haar studietydperk verleng, is Akademia nie aanspreeklik vir verouderde tegnologie as gevolg van die langer studietydperk nie.
26. Daar sal van enige beurswenner by Akademia verwag word om 'n skuldbewys te onderteken alvorens so 'n beurs bekragtig word.
27. Deur vir die Beurskompetisie aansoek te doen, stem u in dat u inligting gedeel mag word met derde partye binne die Solidariteit Beweging wat bande met die Beurskompetisie het. Dit sluit in dat Akademia u punte aan die komitee wat die beurs toegeken het, bekend sal maak om te verseker dat u aan die bepalings en voorwaardes voldoen, soos vroeër in die dokument bepaal.
28. Indien 'n minderjarige vir die kompetisie inskryf, moet die ouer of voog toestemming vir deelname gee. Die bepalings en voorwaardes is ook op die ouer of voog van toepassing.